SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 9 NOVEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

MOONTLIKE KRAGDRAADKOMMUNIKASIE IN DIE RSA

NOMINASIES VIR RAADSLEDE EN MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING INGEWAG

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIES ZS1SALT EN ZSSBFN

WAT HET ONLANGS OP DIE SON GEBEUR

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

MOONTLIKE KRAGDRAADKOMMUNIKASIE

As u onder die indruk was dat kragdraad-kommunikasie iets is wat in die buiteland gebeur is daar vir u nuus. In Sake-Beeld van Donderdag 6 November is 'n berig dat die kragdraadkommunikasie (PLC) deur die Tshwane-munsipaliteit (Pretoria) oorweeg word as 'n sogenaamde metropolitaanse telekommunikasienetwerk. "Daar is streke waar die vestiging van 'n konvensionele telefoonnetwerk net te duur is. Met PLC is die netwerk reeds daar in die vorm van kragdrade" aldus mnr Charles Kuun, lid van Tswhane se metropolitaanse raad.

Die vraag ontstaan of daar al werklik ingegaan is op die probleme van radiosteurings wat met hierdie tipe van verspreiding gepaard gaan en hoe dit die radiokommunikasiegemeenskap gaan raak.

NOMINASIES VIR RAADSLEDE EN MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING INGEWAG

Die volgende Algemene Jaarvergadering van die SARL sal op 3 April 2004 gehou word en ter voorbereiding van die gebeurtenis word nominasies en mosies ingewag.

1. NOMINASIES VIR RAADSLEDE

Daar is tans 4 vakatures op die Raad en ooreenkomstig Reël 16.2 word nominasies gevra van lede van die SARL om die vakatures te vul. Indien meer as 4 nominasies ontvang word, sal 'n stemming gehou word.

Elke nominasie moet die volgende insluit:

1. Volle name, roepsein en adres van die genomineerde.
2. 'n Amateurverwante CV van hoogstens 200 woorde.
3. 'n Ondertekende deklarasie van die genomineerde dat hy/sy die nominasie sal aanvaar en op die Raad van die SARL sal dien indien verkies.
4. Elke nominasie moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees.
5. Alleenlik volopbetaalde lede (Reël 16.3) van die SARL mag genomineer word, voorstel en sekondeer.

Die nominasies moet die Sekretaris nie later nie as 30 November 2003 bereik.

2. MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Mosies vir voorlegging aan en bespreking tydens die Algemene Jaarvergadering van die SARL word vanaf lede ingewag.

Elke mosie moet die volgende bevat:

1. 'n Duidelike beskrywing van die mosie.
2. 'n Motivering ter ondersteuning van die mosie.
3. Elke mosie moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees.

Die mosies moet die Sekretaris nie later as 16 Desember 2003 bereik nie. In beide gevalle moet die nominasies en mosies gepos of gefaks word aan:

Die Sekretaris SARL Posbus 1721 Strubensvallei 1735

Tel: 011 675 2393 Faks: 011 675 2793

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE ZS1SALT

'n Groep amateurs uit Div 1, almal lid van die Boland Amateurradioklub, gaan gedurende die naweek van 21 tot 23 November 'n spesiale stasie oprig by die Sterrewag te Sutherland in die Noord Kaapprovinsie van Suid Afrika, om die oprigting van die grootste teleskoop in die Suidelike halfrond bekend te stel aan amateurs wêreldwyd. Die geografiese posisie van die stasie sal wees 20º48'38 O, 32º22'46 S en hoogte 1759 m.

Die stasie sal met die roepsein ZS1SALT (die akroniem vir South African Large Telescope) op die lug wees vanaf Vrydag 21 November tot Sondag 23 November.

Alle HF-bande sal gebruik word en die stasie sal op foon, gelykgolf en digitale modusse aktief wees.

Die groep sal bestaan uit die volgende amateurs: ZS1YT, ZS1KC, ZU1LR, ZS1OLI, ZS1SM, ZS1KWV, ZR1JHD, ZS1ZL

'n FM 2 m stasie (50 W na 'n 13 el rigstaler) sal ook aktief wees op 145,500 vir moontlike kontakte op hierdie band.

'n Spesiale QSL-kaart sal uitgereik word aan amateurs wat met diestasie kontak maak EN direk QSL aan ZS1SALT, Posbus 273, STRAND, 7140. Vir meer inligting oor SALT, besoek die webwerf : www.salt.ac.za asook die webwerf van die Boland Amateurradioklub by www.qsl.net/zs1bak.

Dit blyk dat sedert die nuus oor hierdie aktiwiteit bekend geraak het, dit aansporing was tot nog aktiwiteit, luister dus na die volgende berig.

ZS4BFN GAAN KONTAK MAAK MET ZS1SALT.

Op Saterdag 22 November gaan lede van die Bloemfontein RAK vanaf die Boyden Sterrewag net buite Bloemfontein die klubstasie ZS4BFN bedien en kontak maak met ZS1SALT by die Sutherland Sterrewag. Die Boyden Sterrewag huisves die 3de grootste teleskoop in Suid-Afrika. Nommers 1 en 2 is v Sutherland.olBoyden sal op 20, 40 en 2 meter aktief wees.

KLUBNUUS

SASOLBURG RADIOKLUB ZS4SRK

Die Sasolburg Radioklub het op 25 Oktober sy Algemene Jaarvergadering in die nuwe klubhuis by Boitjhorisong gehou en die nuwe bestuur as volg verkies: Voorsitter: Riaan Greeff, ZS4PR; Onder-voorsitter: Henk Kruger, ZS4NT; Sekretaresse: Ronnél Kruger, ZR4RNL; Tegnies: Johan Steyn, ZS4SS; Ockerd Taljaard, ZR6ZL en Frans Durand, ZS4FD; Webmeester: Jaco Greyling, ZR6JCO; Tesourier en QRX-redakteur: Flip Britz, ZS4GE.

WAT HET ONLANGS OP DIE SON GEBEUR

Onlangse voortplantingstoestande was alles behalwe normaal as gevolg van gebeure op die son. Die volgende is wat Tad Cook, K7VVV, van Seattle, Washington, in die jongste ARRL nuusbrief daaroor gerapporteer het:

Verlede week se gebeure het opwinding veroorsaak, maar hierdie week se gebeure was definitief histories. Die grootste ontploffing ooit in ons sonnestelsel waargeneem het op Dinsdag, 4 November, plaasgevind, toe 'n X28-klas fakkel vanuit sonvlek 486 ontplof het. Die fakkel het uitgebars net toe die sonvlek uit die sigbare skyf sou roteer. Dit het beteken dat die uitstraling nie na die aarde gerig was nie, maar in 'n uitstekende posisie was vir waarneming. Die uitbarsting het X-straaldetektors op NOAA se Geostasionêre Operasionele OmgewingSatelliete versadig, en was so sterk dat die X28-waarde geskat moes word, soos ook met die sonvloedsyfer van 4 November gemaak moes word.

Die fakkel het die waarnemingsatellite vir omtrent 13 minute tydens die piek van die gebeurtenis versadig, volgens Christopher Balch van NOAA SEC, wat met Tomas Hood, NW7US, gepraat het. Die metings het by X17,4 gestaak. Die vlak van die fakkel is geskat deur die analisering van data van HESSI, die 'High Energy Solar Spectroscopic Imager'. Die vorige keer dat 'n groot fakkel X-straaldetektors versadig het was in April 2001 en toe was dit X-20, die hoogste vlak tot dan waargeneem. Hou in gedagte dat daar geen akkurate rekords vir fakkelintensiteit vir vroeër as 30 jaar gelede bestaan nie.

Sonvlekgetalle vir 30 Oktober tot 5 november was 293, 266, 277, 174, 76, 79 en 32, met 'n gemiddelde van 171. 10,7 cm vloed was 271.4, 248.9, 210.4, 190.4, 166.9, 168 en 114, met 'n gemiddelde van 195,7.

DATUMS OM TE ONTHOU

Die jaarlikse herdenkingsdiens vanoggend 9 November om 19:45. Amateurs word versoek om radiostilte tydens die uitsending te handhaaf. Die RAE werkswinkel, Saterdag 15 November. Vir nadere besonderhede kontak Peters Hers ZS6PHD by 083 445 4634 of per e-pos by zs6phd@mweb.co.za. Spesiale geleentheidstasie ZS1SALT, 21 tot 23 Novenber. Spesiale geleentheidstasie ZS4BFN ook op die lug vanaf die Boydensterrewag.op 22 November. Sluitingsdatum vir nominasies vir Raadslede, 30 November. Laaste dag vir indiening van mosies vir die SARL AJV, 16 Desember.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX

========== Message Ends ==========
To edit or remove your entry from this mailing list go to www.sarl.org.za/members/admin/maildat.asp